

13 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 5:17-19
Fokusgedeelte: 1 Timoteus 5:17

Die gawe van voltydse ouderling – die predikant

Waarmee hou die predikant hom besig? Ons fokusvers sê waarmee hy hom besig moet hou: die verantwoordelike werk van preekmaak en onderrig gee. Verder praat ons Skrifgedeelte oor traktering en kritiek teen die predikant.

Die primêre taak van die predikant is om hard in Skrifuitleg en Skriftoepassing te werk. Dit gebeur Sondae met die prediking. Dit gebeur ook met kategeese en huisbesoek. Daar moet hy onderrig, vertroos, vermaan en tereg wys.

Elke preek gaan deur 'n geboorteproses: die Heilige Gees werk saam met die predikant waar 'n Skrifgedeelte bevrug word, deur die swangerskap gaan en gebore word. In baie gevalle twee keer per week. Daar word intensief gekyk na wat God openbaar, wat sy boodskap is en hoe dit prakties vir die eie gemeente van toepassing is. Baie ure, gebed, sweet en worsteling is deel van die proses.

Ook kategeese en huisbesoek. Dis nie maar net sit en praat en 'n stukkie lees en bid nie. Nee, elke gesin ontvang 'n eie boodskap van die Here. Kategeese is ook primêr die taak van die predikant, om die ouer te help dat die kinders God leer ken en vertrou, en dan gehoorsaam word.

'n Kort woord oor kritiek en traktering: bid dat hy sy werk goed kan doen. Bid vir hom as mens, dat hy krag kan ontvang om God se opdrag met bekwaamheid en vreugde uit te voer.

Predikante word dikwels met take oorlaai wat nie in ons fokusvers aan hom opgedra word nie. As ons weer werklik kerk van Christus wil wees moet ons hom losmaak van alle ander take van die predikant sodat hy kan fokus op preek, katekisasie, huisbesoek te doen en verlore skape te soek.

Sing: Psalm 134:1, 2 (1936)

Dr. HF (Hennie) van Wyk (Bloemhof/Christiana)